



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Gratis kinder storie:

Prins Dirkie en die leeus deur Anna Emm

Daar is 'n storie oor 'n wilde leeu op televisie. Die leeu het dik maanhare om sy nek. Die leeu brul baie hard en wys sy tande. Prins Dirkie is bang vir die wilde leeu. Hy druk sy gesig in die kussings om liewer nie te kyk nie.

Die koningin sit vir Prins Dirkie in die bed. Dit is slaptyd. Die koningin sit die lig af. Skielik hoor Prins Dirkie 'n leeu brul net buite sy venster in die tuin! Hy roep en roep na die koning!

Die koning kom na Prins Dirkie se kamer toe en kyk by die venster uit. Hy sug. Daar is nie 'n leeu in die tuin nie. Daar is net 'n prentjie van 'n leeu op Prins Dirkie se gordyne. Die koning hang sy kamerjas bo-oor die prentjie sodat Prins Dirkie kan slaap.

In die middel van die nag word Prins Dirkie wakker en hy hoor 'n leeu brul in sy kamer! Hy roep en roep na die koning. Die koning kom kyk, maar daar is nie 'n leeu in Prins Dirkie se kamer nie. Hy sug. Daar is net 'n boek oor leeus in die boekrak. Die koning vat die boek en sit dit in die gangkas weg sodat Prins Dirkie kan slaap.

Die volgende oggend hoor Prins Dirkie 'n leeu brul in die eetkamer. Hy wil nie sy ontbyt gaan eet nie. Hy is bang vir die leeu. Die koningin kyk in die eetkamer, maar daar is nie 'n leeu nie. Sy kyk onder die tafel, maar daar is ook nie 'n leeu nie. Daar is net 'n prentjie van 'n leeu op die graanvlokkies se boks. Die koningin vat die graanvlokkies se boks kombuis toe sodat Prins Dirkie sy ontbyt kan eet.

By die skool hoor Prins Dirkie 'n leeu wat brul in die klaskamer. Hy is bang vir die leeu. Hy wil nie by die klaskamer ingaan nie.

Juffrou Mia gaan kyk, maar daar is nie 'n leeu in die klaskamer nie. Daar is net 'n foto van 'n leeu in die koerant wat op haar tafel in die klas lê. Juffrou Mia draai die koerant onderstebo sodat Prins Dirkie by sy bank kan gaan sit.

Later lees Juffrou Mia vir die kinders wat die koerant skryf by die foto van die leeu.

"Die koerant sê die sirkus is in die dorp," lees Juffrou Mia. "Daar is 'n nuwe leeu in die sirkus. Die sirkustent staan in die oop veld langs die kasteel waar Prins Dirkie woon."

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Prins Dirkie en die leeus illustrasie deur Elanie Bieldt

